**Vrydag 6 Maart**
**Skrifgedeelte: Eksodus 2:23-25**
**Fokusgedeelte: Eksodus 2:23-25**
**Gehoor, gedink, gesien en geken**

Soms kry ’n mens die indruk dat God nie hoor of nie sien of nie verstaan nie. Dat Hy ver is. Dalk het jy al gevoel God het jou vergeet. Dat Hy nie na jou gebede luister nie, of dat Hy nie deel is van jou lewe nie. Dit is veral in tye van beproewing en teëspoed wat ons so voel. Juis wanneer ons God die nodigste het, voel Hy so ver van ons af.

So het die volk van ouds verval in slawerny in Egipte. Moses, die man wat in die farao se paleis grootgeword het en gedink het hy sal die volk bevry, het gevlug. Hy het in die woestyn gaan bly en van die volk vergeet. Hy het sy familie agtergelaat, sy volk prysgegee vir ’n ander lewe.

Maar God vergeet nie so maklik nie. Op die hulpgeroep van sy verbondskinders gee Hy ag. Hulle swaarkry dring hulle tot gebed in hulle nood. God hoor as sy kinders bid. Hy bring sy verbondsbeloftes in herinnering. En dan gaan Hy self om te kyk, en te sien. Ja meer nog, Hy ken en erken en verstaan die nood. En dan doen Hy. Hy stuur. Hy stuur hierdie selfde Moses wat sy volk vergeet het, wat God se beloftes maar net as ’n vergete droom beskou, om die volk te red.

Nee, daarvoor stuur God sy geliefde Seun. Sy eniggeborene. Hy wat self soos ons geword het, wat ons swakhede verstaan en ons nood begryp. Hy wat barmhartig is en genadig en groot van goedertierenheid en trou. Hy hoor as ons bid, Hy self bid saam met ons. En die Gees kom ons swakhede te hulp. Hy help ons, en bring ons in herinnering. Hy vertroos.

Laat ons dan meer as net klaagliedere ophef. Bid en aanbid die Almagtige wat hoor, en nadink, wat sien en ken.

*Sing: 66-1:4, 7, 8*

*Ds. LJE (Lourens) Erasmus (Centurion)*